INLEIDING TOT KONTROLELYS VIR INSPEKSIE VAN EN BEOORDELING VAN NOODHULPDIENSTE TYDENS OPES OF S.A. BYEENKOMSTE ONDER BEHEER VAN DIE SASF AAN DIE MEDIESE KOMITEE LID VAN DIE VERENIGING WAT DIE TOERNOOI AANBIED:

1. Inleiding

Die doel van 'n kontrole lys is nie om enige vereniging te benadeel nie, maar om die veiligheid van ons stoeiers op die mat te verseker deur die lewering van professionele noodhulpdiens.

Die noodhulpdiens moet nie noodwendig deur die vereniging self gelewer word nie, maar moet die Vereniging wat die toernooi aanbied, genoegsaam fondse begroot om 'n professionele diens te kan bekostig tydens sy Ope of S.A.Kampioenskappes.
Daar moet ook vroegtydig, verkieslik reeds aan die begin van die stoeijaar 'n bespreking gedoen word, ten einde te verseker dat die betrokke noodhulpdiens wel op die betrokke datum genoeg noodhulpwerkers het om die diens te kan lewer volgens ons vereistes.

2. Foute wat soms voorkom:

- Kwalifikasies van die persone wat diens doen is onder verdenking, of die persone is bejaard of oorgewig en kan moeilik op 'n mat gaan en voldoende bystand verleen

- Afwesigheid van 'n ambulans op die perseel, of dan geen nooddiens kommunikasie vir onmiddellike respons nie

- Afvoerhospitaal ver van die stoeisaal

- Afwesigheid van die nodige apparaat om nek en rugbeserings te hanteer, dws nekstutte, spinaalbord, kopstutte en harnas

- Te min toerusting tussen ambulans en diensdoenendes, waar pasient met nekstut afgevoer word, en geen nekstut dan agterbly vir verdere beserings nie

- Afwesigheid van genoegsame voorraad ys vir onmiddellike kompressie met yspakke in akute sagte weefsel beserings

- Versuim om beseringsvorms in te vul vir versending na die nasionale mediese komitee

- Posisie van die noodhulp sodanig dat alle matte nie dopgehou kan word nie

- Te min persone aan diens sodat gelyke beserings op meer as een mat nie gelyktydig en voldoende hanteer kan word nie

- Die mediese komitee van die vereniging wat toernooi aanbied moet die nodige prosedure ken en moet kontak opbou met 'n diensleweraar om sodoende vaste reelings met tyd met dieselfde diensleweraar te tref. Die versterking van sodanige samewerking sal sekerlik die tarief in die toekoms ook gunstig kan beinvloed.

- Die SASF mediese komitee en die vereniging mediese komitee moet nou saamwerk, en is die uitmerk van parkeerplek vir 'n ambulans, posisionering van die noodhulpstasie en resussitasie of afvoerlokaal en voorsiening maak vir ontsmettingsmiddels vir die matte tog wel die vereniging mediese komitee se verantwoordelikheid.

  DIT IS EGTER DIE TAAK VAN DIE MEDIESE KOMITEELID OM DIE KONTROLELYS NA TE GAAN, EN DIE PUNTE MET DIE SASF MEDIESE KOMITEE TE KONTROLEER, SODAT DIT NIE NAGELAAT WORD NIE.

3. Kontrolelys vir goeie standaard noodhulpdiens:

LANGTERMYN BEPLANNING:

AKSIE:	**VERANTWOORDELIKE:**
1.Bepaling van datums van kompetisies	Vereniging bestuur + SASF
2.Kontak met Noodhulpdiensleweraars	Vereniging mediese komitee
3.Bespreking van geskikte saal (Hou posisie van Noodhulpstasie in gedagte – moet alle matte kan sien!)	Vereniging bestuur en mediese komitee

KORTTERMYN BEPLANNING VIR SPESIFIEKE TOERNOOI:

AKSIE:	**VERANTWOORDELIKE:**
Skakeling met SA mediese komitee	Vereniging mediese komitee
Geneesheer vir voor inmeet ondersoek	Vereniging mediese komitee
Stempels vir medies	Toernooi sekretaris
Bevestiging van wie doen die mediese o/s aantal noodhulpwerkers	Vereniging mediese komitee
Beseringsvorms kry en dupliseer vir invul deur noodhulp tydens kompetisie	Vereniging mediese komitee
Noodhulp bevestig ambulans op perseel/nie	Vereniging mediese komitee
Bevestig met noodhulp dienslewerar dat noodhulpwerkers gekwalifiseerd is om stoeibeserings te kan hanteer en regte toerusting het. (Spinaalbord, harnas en kopstutte) (Nekstutte van verskillende groottes) Daar moet verkieslik ten minste een para-medikus in die span wees	Vereniging mediese komitee
Bevestig ambulans beskikbaarheid op perseel asook afbakening v parkering by saal. Indien nie, bevestig kort responstyd, selfoon verbinding, ens.	Vereniging mediese komitee
Merk posisie van Noodhulpstasie uit om alle matte te kan dophou, met plek om beseerdes te kan laat lê (spaar mat) Posisie in die middel soos vir beamptes verkieslik	Vereniging mediese komitee
Stel "Coolbag" met genoegsaam ys beskikbaar aan noodhulp	Vereniging mediese komitee
Stel houer met ontsmettingsmiddel en mop beskikbaar sentraal, vir gebruik op alle matte	Vereniging mediese komitee
Bepaal hoeveel noodhulpwerkers daar moet wees, volgens aantal matte wat stoei	Vereniging mediese komitee

INDIEN U DIENSLEWERAAR NIE AAN HIERDIE VEREISTES VOLDOEN NIE, IS DIE STANDAARD NIE AANVAARBAAR NIE, EN MOET U PROBEER 'N ANDER DIENSLEWERAAR KRY. VROEGTYDIGE BEPLANNING IS DUS UITERS BELANGRIK!!

4. NOODSAAKLIKE TOERUSTING VIR NOODHULP:

- Voldoende Noodhulptas vir die grootte van toernooi wat plaasvind
- Toerusting vir hantering van beenbreuke en rug en spinale beserings, nl: -groot traumabord met harnas en kopstutte
  -klein traumabord vir kleiner kinders soos bo
  -nekstutte van verskillende groottes
- Korrekte neusplugs en bloed stol middels (LW staaldruppels word verkieslik nie meer gebruik nie)
- Komberse
- Waterdigte "Opsite-tipe" wondbedekking
- Genoegsame voorraad ys in houers.
- `n Houer wegdoenbare handskoene, vir gebruik deur afrigters deur die dag, asook vir noodhulpwerkers se gebruik.

Daar sal van die betrokke vereniging se mediese komitee verwag word om na elke Provinsiale Ope of `n S.A. Kampioenskappe `n verslag aan die SASF mediese komitee te lewer, vir voorlegging aan die SASF Uitvoerende bestuur ten opsigte van tekortkominge gemeet aan die hand van die "check list" en tov beseringsvorms ingevul.